Rugby Wêreld Beker 2011

Ons vir jou… Suid Afrika! "Moer hulle, bliksem hulle," het ons Minister van Sport, Fikile Mbalula, voor nagenoeg 40 000 Bok ondersteuners, die Springbokke aangemoedig om die beker te gaan verdedig in Nieu-Seeland ! Of dit die regte advies was aan Bakkies en Schalkie sal maar moet gesien word... alla geelkaart ens…

Maar op 'n meer ernstige noot, dit gaan 'n grootse spanpoging en trots verg om Wallis te klop in die Bokke se eerste wedstryd. Wie ook al gekies word sal moet gefokus wees, want om die eerste wedstryd te verloor kan rampspoedig wees.
Ons moet maar eerlik wees; die Bokke het nie 'n goeie seisoen tot dusver nie en sal al die ervaring in die span moet saamsnoer om weer tops te wees. Die All Blacks is die nommer een span ter wêreld, trouens, was al 'n paar keer, maar struikel menig male oor die laaste hekkie… "chokers" ? Dit is ook seker maar met 'n tong in die kies om te voorspel dat die Aussies dalk op hierdie stadium die gevaarspan is, hulle lyk regtig goed en is dalk die mees gebalanseerde span in die toernooi. Die Franse het nog nooit die beker gewen nie, maar daar is altyd 'n eerste keer.

Hulle is seker die mees onvoorspelbare rugby span in wêreldrugby... En dan die Engelse... was ook nog altyd 'n groot faktor… en om 2003 in Australië teen die Wallabies in die finaal te wen getuig daarvan.

Verrassings en opskuddings sal daar beslis wees – skeidsregters gaan weer die voorblaaie haal, afrigters en kapteins werkloos, spelers wat swak is en vele meer – die opwinding is daar! Wêreldbeker 2011 begin en laat waai Bokke... hande op die regte plekke!!!
Nag ou grote...

"Bokka Hakka"

Die ATKV Centurionsangers het hul baie suksesvolle en gewilde Afrikaanse Bafana-ondersteuningsliedjie "Viva Bafana Viva" met die oog op die Sokkerwêreldbeker verlede jaar, opgevolg met 'n Afrikaanse Springbokliedjie "Bokka Hakka...!!!".

'n Kopie van die Cd is Donderdagaand 1 September met die Springbokke se vertrek vanaf die O.R. Thambo Lughawe aan die Kaptein John Smit oorhandig. Hiermee ondersteun ons die Springbokke met hul deelname aan die Rugbywêreldbeker in Nieu-Seeland vanjaar. Die liedjie word gesing onder leiding van Petronel Baard, 'n ATKV Crescendowenner. Sy het ook die musiek gekomponeer en die lirieke geskryf.

Ons wil die hoop en vertroue uitspreek dat hierdie ondersteuningsliedjie ons Springbokke nog meer sal motiveer om weer as wêreldkampioene uit die stryd te tree. Ons wens hulle alle voorspoed en sukses in elke wedstryd toe! Ons is trots Suid-Afrikaans in Afrikaans. "Bokka Hakka...!!!
Baie dankie aan ons sangers en musikante: Petronel Baard, Beth du Toit en Schalk Maas met mondfluitjie, kitare en klavier. Dankie aan Bay Studios en Deon du Toit wat vir die opname, redigering en produksie verantwoordelik was. Die liedjie kan van ons webwerf www.tak.co.za asook Facebook en Twitter afgelaai word.
Sakkie Kotze
Voorsitter ATKV Centurion en ATKV Direksielid.

Comrades Marathon ups its Prize Money

R2 653 700 and running!

"An athlete cannot run with money in his pockets. He must run with hope in his heart and dreams in his head." - Emil Zatopek, Czechoslovakian athlete. The wise words of this former runner may ring true for most athletes, but the reward at any race is definitely a motivating factor, more so for the top-notch competitors in the world's greatest ultra-marathon, the Comrades Marathon. With this in mind, the Comrades Marathon Association (CMA) has increased its monetary rewards for the 2012 leg of the Ultimate Human Race by nearly 20% across the board, as compared to last year. This translates into an astounding R2 653 700 in total cash prizes, the highest amount paid out in any South African road-running fixture.

The 2012 male and female winners will each run off with a first prize of R300 000 as opposed to the current award of R250 000, followed by a second position prize of R145 000 and R110 000 for third position versus the going amount of R120 000 and R90 000 respectively. Up for grabs at the 2011 Comrades Marathon was a total amount of R2 223 000, nearly half a million rand less than next year's bounty.

Sunette Viljoen

(born-and-raised in Rustenburg) recently set a new Africa record in javelin during the recent World Athletic Championships.

She came third, and walked away with the Bronze Medal.
You go girl!

Curriebeker

Week 8

Pumas vs Lions

In Nelspruit wys die Leeus karakter en klop die begeesterde Pumas met 34-20 om nog steeds die voorlopers in die 2011 kompetisie te wees. Die Pumas het vanjaar al baie goeie rugby gespeel maar Rome is nie in een dag gebou nie… Die Pumas het in die tweede helfte die Leeus onder groot druk geplaas, maar die groot katte het nie bes gegee nie en in die doodsnikke die bonuspunt drie aangeteken. Die Leeus toon week vir week dat hulle die passie en honger het om die 2011 kampioene te word…

Luiperds vs Cheetahs

In Potchefstroom is die Luiperds omtrent verslind deur die Blikore! Die Vrystaters wen 64-17 en die mielieboere kon eenvoudig net nie al die gate toestop nie. Die twee swaargewigte Coenie Oosthuizen en Marcel van der Merwe, druk elkeen twee drieë en dit sien 'n mens nie elke dag dat 'n loskop en vaskop voorry dit vermag nie… en dit boonop in dieselfde wedstryd! Die jong Bokkie losskakel, Johan Goosen, het 'n droom debuut gemaak. SA het ewe skielik 'n gros jong losskakels wat puik rugby speel!

Griekwas vs WP

Daar tuimel toe weer amper 'n grote in die groot gat! In 'n riller wen die Kapenaars met 41-35! Dit was 'n skitterende wedstryd waarin albei spanne 'n bonuspunt vir drieë ontvang het. Die agterspel aan beide kante was uit die boonste rakke en Johan Sadie en JJ Engelbrecht is twee sterre op die rugby horison. Die twee mannetjies is propvol rugby en gaan nog diep spore trap in ons rugby! WP…..jou lekker dinggg!!!

Bulle vs Sharks

Op Loftus vreet die Bulle weereens van die gras af! Die Haaie klop die Bulle met 39-27 en die telling vlei die Bulle! Die Bulle is opgedons in die vaste spel en Juan Deysel het vanuit die agtsteman posisie die Bulle ontwrig met sy stormram kraglopies! Agtien punte teen die Bulle het gekom van strafskoppe wat afgestaan is, want hulle kon die druk nie hanteer nie en baie foute is in die proses begaan. Al drie drieë van die Sharks was uitstaande en terwyl die drie van Basson ook uitermatiglik puik was. Die veteraan senter van die Haaie, Meyer Bosman, het sy beste wedstryd nog vir die Haaie gespeel en is ook heel gepas as man van die wedstryd aangewys.
Nag ou Grote...